

## 3 noodsaaklike reëls vir 'n gerieflike aftrede

'n Onlangse studie deur Alexander Forbes het gewys dat die helfte van alle pensioenfondsleders aftree met slegs 'n kwart van hulle salaris as pensioenvoordeel – hoofsaaklik omdat hulle geld uit die pensioenfonds onttrek het voor aftrede, byvoorbeeld wanneer hulle van werk verander het.

Volg hierdie uiters belangrike reëls vir aftree-spaargeld om te voorkom dat dit met jou gebeur:


1. Begin vroeg spaar
2. Spaar jou bonus
3. Moenie jou spaargeld voor aftrede in kontant omsit nie

### 1. Begin vroeg spaar

**As jy vanaf ouderdom 25 'n 15% porsie van jou salaris spaar, sal net een derde van die voordeel wat jy by aftrede ontvang, uit jou bydraes kom. Die res sal die opbrengs van die groei (rente) wees.**

Hoe vroeër jy vir jou aftrede begin spaar, hoe beter – nie net omdat meer betalings gemaak kan word nie, maar ook danksy die krag van saamgestelde rente. Hoe gouer jy begin spaar, hoe gouer kan jy rente verdien op jou spaargeld en dan weer rente op daardie rente verdien.

Die grafiek hieronder wys hoe 'n belegger wat op ouderdom 25 vir aftrede begin spaar (pienk lyn) 'n groter persentasie van sy of haar salaris by aftrede as pensioen ontvang (netto vervangingswaarde) as diegene wat eers later begin belê.



'n Ander manier om daarna te kyk, is om te bepaal hoeveel meer jy sal moet spaar om by aftrede 90% van jou salaris te kry. Die tabel hieronder wys dat vir elke tien jaar wat jy uitstel om te spaar, jy die bedrag wat jy spaar, feitlik moet verdubbel.

Begin-ouderdom	25	35	45
Persentasie van salaris wat jy moet spaar om teen aftrede 90% daarvan as pensioen te kry	15%	25%	47%

## 2. Spaar jou bonus

Jy kan jou aftree-‘bonus’ opbou deur voordeel te trek uit die belastingvrye toelaag en deur 15% van elke bonus deur middel van ‘n aftreemeganisme te spaar.

Aangesien jy op jou bonus staatmaak om jou lewenstyl te finansier, moet jy verseker dat jy ‘n bonusbedrag insluit in die uiteindelijke salaris wat jy met aftrede sal nodig hê. Met ander woorde, vermeerder die bedrag wat jy nodig het om van te lewe, met die bonusbedrag.

## 3. Moenie jou spaargeld in kontant opeis voor aftrede nie

Die huidige werkplek is baie vloeibaar. Volgens berekening sal nuwe werknemers gedurende hul loopbane ‘n gemiddeld van sewe werkgewers hê. Dieselfde studie deur Alexander Forbes dui aan dat mense 90% van die tyd hul pensioen in kontant laat uitbetaal wanneer hulle van werk verander, wat meebring dat hulle uiteindelik belasting betaal op hul spaargeld.

As jy vyf jaar lank 15% van jou salaris bydra tot aftree-spaargeld, sal jou pensioenfonds gelykstaande wees aan sowat een jaar se salaris. Dit lyk miskien maklik om daardie geld te vervang, maar die verbeurde geleentheid om die geld te laat groei, is wat jou by aftrede duur te staan sal kom.

Veronderstel ‘n mens dat jy 40 jaar lank sal spaar met die oog op aftrede, verteenwoordig die eerste vyf jaar van spaar 12.5% (5/40 jare) van jou totale aftree-bydraes. Teen aftrede verteenwoordig hierdie bedrag egter 22% van jou totale aftree-spaargeld danksy die groei op daardie belegging.

Dus word byna ‘n kwart van jou uiteindelijke beleggingswaarde opgebou uit slegs die eerste 5 jaar van aftree-bydraes.

Om die waarde van daardie onttrekking te vervang, sou jy jou spaarpoging **vir die volgende 30 jaar** tot **20%** moet opstoot. Dit word al hoe moeiliker, omdat jou beskikbare inkomste vir spaar geneig is om te krimp namate jou lewensverantwoordelikhede (huis- en skooluitgawes) groter word.

Die onttrekking van hierdie gedeelte van die fondswaarde het ook belasting-implikasies, aangesien die bedrag wat onttrek word, onmiddellik belas sal word en ook afgetrek sal word van die belastingvrye onttrekking wat jy andersins by aftrede sou hê.

## Om langer aan te hou werk

‘n Dertigjarige wat nog nie begin spaar het nie, kan 24% van sy salaris spaar met die oog daarop om op 60-jarige ouderdom af te tree, of net 11% spaar as hy sy aftree-ouderdom tot 70 sou verhoog.

Indien jy nie vroegtydig begin spaar het vir aftrede, en ook nie kan bekostig om teen hoë maandelikse premies te probeer inhaal nie, is ‘n later aftreedatum die enigste opsie. Deur jou aftrede met tien jaar uit te stel, sal jou aftreefonds oor ‘n langer tydperk kan voordeel trek uit

saamgestelde rente, terwyl jy ook vir tien jaar minder pensioen sal trek – waarby jou aftreeneiseier aansienlik sal baat vind. Dit is egter 'n laaste uitweg as alternatief tot 'n aftreespaarstrategie, aangesien baie werkgewers nie te vinde is vir aftrede ná die normale aftreeouderdom nie.